**Prof H Russel Botman**
**Rektor & Visekanselier**
**Konvokasievergadering**
**Donderdag 8 November 2007**

---

Dr Edwin Hertzog, voorsitter, en ander gerespekteerde lede van die US Raad, geagte lede die US Bestuur, Prof Pieter Kapp, President, en lede van die uitvoerende bestuur van die Konvokasie, kollegas, dames en here...

Baie dankie vir die geleentheid om vanaand 'n paar woorde by hierdie geleentheid te kan spreek, en soos u reeds weet, wil ek praat oor die Universiteit Stellenbosch vanuit 'n perspektief van 'n Pedagogie van Hoop. Ek besef my tyd is baie beperk en daarom kan ek vanaand nie uitvoerig aan hierdie saak aandag gee nie. Maar ek wil tog poog om binne die toegelate tyd 'n paar hoof gedagtes oor hierdie saak te opper.

Laat ek begin by die kernvrae: Wat bedoel ons met 'n Pedagogie van Hoop? Hoe is dit ter sake vir die Universiteit Stellenbosch? En hoop vir wie?

Om hierdie vrae aan te beantwoord, wil ek u terugneem na my inhuldigingstoespraak vroeër vanjaar waarin ek die buitelyne van hierdie visie en strewe getrek het.

Ek het toe gesê: Dit is my strewe om die Universiteit met die bestaande Visie 2012 as vertrekpunt, op te rat na 'n instelling in Afrika wat nie net beduidend 'anders' wil wees, soos gegrond op ons verlede nie, maar ook beduidend beter wil wees, soos gesien in ons verbintenis ten opsigte van die toekoms van ons land en die mense van ons kontinent.

As gerekende tersiêre instansie wil hierdie Universiteit sy aktiewe deelname en diensbaarheidsrol uitleef deur sy uitnemendheid en kundigheid aan te wend om die internasionaal aanvaarde Millennium Ontwikkelingsdoelwitte te help verwesenlik. Hierdie doelwitte is breed en uiteenlopend, maar met inagneming van ons sterkpunte en terreine van kundigheid, het ons 'n vyftal temas geïdentifiseer waarop ons fokus met die doel om 'n betekenisvolle verskil te maak:

Hierdie terreine of temas is:

- Uitwissing van pandemiese armoede
- Die bevordering van menswaardigheid
- Die bevordering van demokrasie
- Die bevordering van vrede en sekuriteit (waaronder ook voedselsekuriteit), en
- Die bevordering van 'n volhoubare omgewing en bronbenutting

Hierdie is nie nuwe aksies of inisiatiewe aan hierdie Universiteit nie. Op grondvlak is ons departemente en fakulteite reeds geruime tyd besig met talle projekte binne hulle onderskeie sakeplanne wat die wesenskenmerke van Millennium Ontwikkelingsdoelwitte uitdra. En hierdie navorsings- en diensbaarheidsprojekte vorm die voertuie om hierdie Universiteit verby die 2012 horison te dra na 'n toekomsgerigte en navorsingsgedrewe Universiteit van Hoop uit Afrika.

Ek kan nou hier 'n string aktiwiteite vir u opnoem soos die werk van ons Sentrum vir Navorsing in Wetenskap en Tegnologie, die Stellenbosch Instituut vir Gevorderde Navorsing, die werk van ons Afdeling Interaktiewe Telematiese Onderrig (wat nou reeds sy krag ver buite ons landsgrense in Afrika wys), ons Fakulteit Agriwetenskappe se betrokkenheid en dryfkrag in die ASNAPP-program (Agribusiness in Sustainable Natural African Plant Products) wat gemik is op die handhawing en bevordering van voedselsekuriteit in Afrika, ons Sunspace-satellietprogram wat fokus op die

bestudering van klimaatstoestande, die kwesbaarheid van landbougrond en –gewasverbouing op ons kontinent en vele ander aktiwiteite in die geesteswetenskappe.

En so kan ek aangaan, ook wat ons betrokkenheid op plaaslike vlak betref. Die kern-eienskap van al hierdie projekte en aktiwiteite is HOOP. Hoop vir beter gehalte lewe, hoop vir beter geleenthede vir opvoeding en geskooldheid, hoop vir entrepreneurskap en beter werksgeleenthede, maar bowenal hoop vir die herstel van mense se menswaardigheid.

So gesien, is die Millennium Ontwikkelingsdoelwitte instrumente van hoop vir die geslagte van die toekoms. As kennisvennoot in Afrika en ook elders in die wêreld, is ons uitstekend geposisioneer en is ons goed op weg na die vestiging van 'n Universiteit met 'n Pedagogie van Hoop uit Afrika. En met die oog op die toekoms is dít die idee waarvoor Stellenbosch staan.

Maar nou is daar seker in u gemoed 'n gevoel van "ja goed, maar wat van die ander sake wat vir Stellenbosch belangrik is? Is daar nog hoop vir Afrikaans? Of is ons op hierdie terrein reeds goed op pad na wanhoop?"

U sal onthou dat ek in my inhuldigingstoespraak gesê het dat ons oor die jare te veel die klem geplaas het op die pyn van Afrikaans, maar dat ons te min aandag gee aan die hoop van Afrikaans. Ek het toe verwys na die moontlikhede wat Afrikaans moet bied vir ons mense wat vroeër van tersiêre studiegeleenthede weerhou is, vir wie die heersende politieke orde van die dag die geleenthede tot persoonlike groei, ontwikkeling en bemagtiging ontneem het.

Ek het daarna verwys dat die US so toeganklik moet wees vir die plaasarbeider se dogter soos wat dit is vir die plaaseienaar se seun in ons groter strewe om hierdie Universiteit 'n multikulrurele tuiste vir almal te maak. Dit is steeds my standpunt. Maar hierdie beskouing van die hoop van Afrikaans is gevestig in twee fundamentele sake:

- Die een is **Hoop in Afrikaans**
- En die ander is **Hoop vir Afrikaans**

Hierdie twee sake is onlosmaaklik, en 'n mens kan dit beskou as twee kante van dieselfde munt. Jy kan nie die een sonder die ander hê nie.

Wat <u>hoop in Afrikaans betref: e</u>k het al aan hierdie onderwerp geraak met my verwysing na die groter toeganklikheid vir mense van die voorheen benadeelde groepe. Ek is oortuig daarvan dat Afrikaans die sleutel is tot nuwe hoop vir die groot getalle Afrikaanssprekendes in ons streek en land wat nie tot die tradisionele studentekorps van die Universiteit behoort nie.

Ek verwys na swart, bruin en Indiër sprekers van Afrikaans in wie se verwysingsvelde hierdie Universiteit tans nog glad nie figureer nie. Mense wat in hart en niere Afrikaans is, maar wat Stellenbosch nie beskou as instansie van eerste keuse vir verdere studie nie. Dit is tegelykertyd 'n teregwysing en 'n groot uitdaging vir Stellenbosch want in wese gaan dit oor baie meer as bloot 'n bereidwilligheid om meer swart Afrikaanssprekende studente in te neem. Dit gaan ook oor die menswaardigheid waarmee hulle behandel word en 'n verwelkomende institusionele kultuur by die US. Op hierdie terreine lê nog baie harde werk voor.

Ek hoor gereeld die voorneme om veral op die arm bruinmense op die platteland te fokus as die Afrikaanse geslagte van die toekoms en om hulle hoop in Afrikaans te verlewendig en verdere stukrag daaraan te gee. Daarmee is niks verkeerd nie. Trouens, dit moet een van ons strategiese werwingsareas vir die toekoms wees. Solank ons aanvaar dat hierdie ontginningsbron nie eksklusief aan die US behoort nie, dat dit bepaalde beperkinge het en dat ons buite die gewone parameters van 'n Universiteit moet dink om weë te skep om daardie studente hierheen te lok -- gegewe die

vakkundige agterstande en finansiële gebreke  van daardie studente. Hieroor moet ons geen illusies hê nie en ons sal op ’n meer genuanseerde manier moet dink en te werke gaan om so ’n verbintenis uit te leef teenoor mense wie se hoop in Afrikaans ons moet lewendig hou. Maar dit is ‘n toekomstaak wat ons met groot toewyding en opgewondenheid aanvaar, solank ons erns maak van die US as ’n multikulturele tuiste vir almal.

Dit bring my by die hoop vir Afrikaans. Ek wil opnuut beklemtoon dat die punt in die visiestelling wat lui dat “die US Afrikaans as wetenskaps- en akademiese taal in ’n meertalige konteks bevorder”, vas staan. Ek weet van geen besluit op Raads- of bestuursvlak waar hierdie visiepunt gewysig is nie. Die Raad het ook in sy vertrekpunte vir die hersiening van die Taalbeleid dit duidelik gestel dat hierdie Universiteit die voorkeurbestemming van Afrikaanssprekende studente moet bly. Daar is dus geen onsekerheid of dispuut hieroor nie.

Die Taalbeleid van die Universiteit wat na wye konsultasie en aanvaarding deur die Universiteitsgemeenskap in 2002 aanvaar is, is kragtens sy eie bepalinge in die proses van hersiening en die konsepvoorstelle van die Taaltaakgroep is tans onder verdere oorweging nadat ons sedert die bekendstelling daarvan nog ’n veertigtal stukke kommentaar, insette en voorstelle vir oorweging ontvang het. Intussen het verdere opvolggesprekke oor die konsepvoorstelle vir ’n hersiene taalbeleid met die leiers van die statutêre liggame ook plaasgevind. Die bestuur het gister insae in ’n tweede weergawe van die konsepvoorstelle gehad en verdere kommentaar daarop gelewer vir inkorporering en verdere hersiening van die dokument wat vir bespreking by oormôre se Raadsgesprek voorgelê sal word. Die nuutste weergawe van die dokument sal môre, sodra al die nodige wysigings aangebring is, op die taalhersienings-webruimte beskikbaar wees. Ek wil graag my dank aan die Taaltaakgroep betuig vir die uitnemende werk wat hulle gedoen het om die proses tot hier te kry. Dit was nie ’n maklike taak nie en vir die harde werk wat hulle in buitengewone omstandighede verrig het, verdien hulle net lof.

Vanaand is vir my inderdaad ook ’n verdere luistergeleentheid vir nog kommentaar op die konsepvoorstelle, en enige nuwe standpunte en insigte sal oorweeg word in die verdere verfyning van die voorstelle wat aan die Senaat en die Raad voorgelê sal word vir goedkeuring.

My uitgangspunt is dat ons nou elke geleentheid moet benut om met mekaar gesprek te voer in die soeke na ’n verantwoordbare middelgrond wat die belange van die Universiteit en sy studente ten beste sal dien. En die  gesprekke moet hier binne die strukture van die Universiteit plaasvind.

Die bestuur bepaal nie die taalbeleid van die Universiteit nie. Dit is die prerogatief van die Raad. Ek het vandag twee aparte vergaderings gehad met die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Raad, enersyds, en die Taaltaakspan, aan die ander kant. Tydens die vergaderings het ek hul meegedeel dat ek op Saterdag ’n aantal scenarios aan die Raad gaan voorlê in belang van die US se akademiese mylpale. Een van die scenarios wat die Raad dan sal oorweeg is dat die besluitneming oor die taalbeleid vir ’n tyd uitgestel word. Vir die interim sal ek versoek dat parallelmedium ook tot ’n verstek opsie verklaar word. Dit is inderdaad net ’n gedagte wat ek daar sal stel. Die Raad sal daaroor besluit op 16 November 2007.

Ek vind dit daarom jammer dat allerlei uitsprake in die media gemaak word, terwyl die geleenthede en gepaste strukture vir gesprek by die Universiteit nie na behore benut word nie. Daardeur word die interne wantroue tussen die partye aan die US met nuwe intensiteit blootgestel.

Ek het sedert my oorname as Rektor baie tyd en energie gewy aan die harmonisering van verhoudinge en die herstel van vertroue en die opbou van ’n “ons” van Afrikaanssprekendes. Ek wil daarom vanaand weer ’n beroep doen op u vertroue ...  vertroue in die Raad van die Universiteit en die Bestuur om nie net in die saak van Afrikaans se plek aan die US nie, maar oor die wye spektrum, weer daardie vertroue te herstel dat ons nie teen mekaar staan nie, maar gesamentlik staan vir die

saak van die US.   Slegs in onderlinge eenheid kan ons uiting gee aan ons verbintenis tot geregtigheid aan almal wat aan hierdie instansie van akademiese uitnemendheid wil kom studeer.

Baie dankie vir u aandag.